# AANKONDIGINGE EN GEMEENTENUUS

## SONDAG 8 OKTOBER 2023

## NEGENTIENDE SONDAG IN KONINKRYKSTYD

## GEMEENTE DAGBOEK

### GEBEDSONDERWERP VIR DIE WEEK

***Nuwe Kwartaal***

### LEESROOSTERTEKSTE VIR DIE WEEK

**Matteus 22:1-14; Eksodus 32:1-14;**
**Psalm 106:1-6, 19-23; Filippense 4:1-9**

| SONDAG, 8 OKTOBER |
|---|
| 09:00 Oggenddiens – Ds Hannes Burger<br>Deuroffer ten bate van: Gemeente se eie fondse<br>Erediensspan 3 – Neels Kurger<br>GEEN Kleuter- en Kinderkerk<br><br>GEEN Senior kategese<br>GEEN Gemeentetee |
| **MAANDAG, 9 OKTOBER** |
| |
| **DINSDAG, 10 OKTOBER** |
| **SKOLE HEROPEN**<br>09:30 Senior Burger Bybelstudie<br>18:00 Manne Bybelstudie in Moederskamer |
| **WOENSDAG, 11 OKTOBER** |
| 09:30 Vroue Bybelstudie<br>09:30 Othello Bybelstudie |
| **DONDERDAG, 12 OKTOBER** |
| 09:30 Dienssentrum vir Seniors: Decoupage - werkswinkel<br><br>Sopbeurte: Bertha de Kock, Lynette vd Westhuizen, Riana Maritz, Hannelie du Plessis, Alet Wassüng, Veronica Wolfaardt, Rita Neveling |
| **VRYDAG, 13 OKTOBER** |
| 09:00 Gebedsbyeenkoms in Moederskamer |

| SATERDAG, 14 OKTOBER |
|---|
| |
| **SONDAG, 15 OKTOBER** |
| TWINTIGSTE SONDAG IN KONINKRYKSTYD<br>BIDDAG VIR GESONDHEIDSDIENSTE<br><br>09:00 Oggenddiens<br>Deuroffer ten bate van: Hospitaalbearbeiding<br>ערediensspan 2 – Elsa Welman<br>09:00 Kinderkerk<br>GEEN Kleuterkerk<br><br>• **Senior kategese** na afloop van die oggenddiens<br>• **Gemeentetee** na afloop van die oggenddiens |

# GEMEENTENUUS



1. Christine Maas (Othello) is oorlede. Die troosdiens is komende Maandag by Othello.
2. Hendrik Gouws (Van Bruggenstraat) is ernstig siek.
3. Ons het die volgende lidmaatskappe ontvang:
   Robbie en Lorna Robinson vanaf Goodwoodpark.
4. Sheila Lambrechts (Andanté) is oorlede. Sy was Deola Graham (Annandalestraat) en Almarette Swart (Waterbessiestraat) se ma en Deolise Gresse (Bokmakieriestraat) se ouma.
5. Bossie en Marianne Brink (Sangirostraat) het 'n kleinseun ryker geword in Namibië.
6. Theo van As, seun van Christo en Elize van As (Piet Fransmanstraat), is ernstig siek. Theo woon tans in Dubai.
7. Tertius en Nina Ras (Brackenfell) het 'n baba ryker geword. Nina is die dogter van Estelle Moore (Annandalestraat).

# VAN ALLES EN NOG WAT

1. Lidmate wat Uit die Beek 2024 bestel het, kan dit by die kerkkantoor kom afhaal. Koste R200.
2. Ds Hannes gaan van Vrydag 13 Oktober tot Dinsdag 17 Oktober uitstedig wees.

# VERJAARSDAE VIR DIE WEEK

08/10 Flip Hugo, Juna van der Merwe, Gian Engels, Darryl-Lee Arendse
09/10 Antoinette Herselman, Anke Basson, Kuyper Albertyn, Mari Botma, Theo Lombaard (90)
10/10 Johan en Louise Bezuidenhout, William Robertson, Carlien van der Merwe, Sindie Nell, Anchün van Wyk
11/10 Zanika de Mon, Amor Neethling, Heidi Nel, Lucian van Huyssteen, Rosslyn Abrahams
12/10 Leon Fourie, Shané Neuhoff
13/10 Drieka Engelbrecht
14/10 Cathy van Tonder



# SENIOR BURGER TEE

Saterdag 21 Oktober 2023 om 10:00



Kom geniet ‘n heerlike oggend van lag, gesels en musiek saam met ons.
‘n Ligte middagete sal bedien word.
Toegang is gratis, maar registreer asb by die Kerkkantoor vir jou kaartjie voor 16 Oktober.

# SENIOR KATEGESE

Ons Senior Kategese verkoop swart vullissakke vir fondsinsameling ten bate van Jeug projekte.



Elke huishouding gebruik swart vullissakke en ons kwaliteit is baie goed.
Dis sterker (40mic) teenoor die winkel (18-20mic) se sakke.

20sakke @ R45                10sakke @ R23

Kontak die kerkkantoor indien jy belangstel.

# DIE KOSMANDJIE

Liewe Lidmaat

Met die oog op Desembermaand, vakansietyd, vra Die Kosmandjie sommer nou al - dink ook aan hulle wat swaarkry, wanneer jy inkopies doen. Bring gerus enigiets wat hierdie tyd van die jaar sal opvrolik of hou ons spenslysie dop.



Langlewemelk (elke liter help!)          Grondboontjiebotter
Tamaties (in ‘n blikkie! - enige soort)

Jou hulp is betekenisvol en ook ‘n getuienis. DANKIE!

Mandjie-groete

# KLERE EN VERE

Dalk pak jy nou kaste reg op soek na somersklere? Bring asseblief vir ons alles wat jy nie langer kan of wil gebruik nie. Ons help graag om jou kaste netjies te hou!
Klere, skoene, linne, komberse, enigiets is welkom.

Ons waardeer die ondersteuning!
Groetnis
2 Vere

# CHRISTELIKE AFHANKLIKHEIDSDIENS




# TIENDEMAANDDANKOFFERINSAMELING

29 Oktober 2023.

Die Tiendemaanddankofferkoeverte is aan Blokleiers oorhandig vir verspreiding na besoekpunte. Indien jy nog nie joune ontvang het nie, kontak gerus jou blokleier, dienswerker of die kerkkantoor.

# KERSLIEDERE SAAM MET AMIRA

Kersliedere saam met Amira Willighagen

Sondagoggend 26 November 2023
Tyd: 09:00
Plek: De Eike

# HUIS DE KUILEN

Huis De Kuilen hou Buitelug Fees op 28 Oktober 2023.
Aksie Samaritaan help met die Pannekoek tafel, maar hulle benodig hulp met die bak, rol en suiker strooi.
Kontak die kerkkantoor indien jy wil help.







De Eike is verantwoordelik vir die groot koeke en terte, maar enige ander gebak sal ook welkom wees. Indien jy voel om kontant by te dra, is jy welkom om so te maak.
Enige bydrae sal baie waardeer word.
Vir meer besonderhede of indien jy kan help, kontak asb vir
Daphne Jordaan by 082 828 1252.

# HUIS DE KUILEN – BUITELUG FEES










# SKOOLVERLATERS

Die Jeug Kommissie wil graag vanjaar weer tydens die oggenddiens van 22 Oktober 2023 aan al ons matrikulante ‘n geskenkie oorhandig en hulle voorspoed toewens met die naderende eindeksamen.

Ons beskik oor die volgende name van Matrikulante. Indien jy weet van nog lidmate wat vanjaar in Matriek is, laat weet asb die Kerkkantoor teen 17 Oktober 2023, sodat ons hulle ook kan uitnooi na dié geleentheid.

| | | |
|---|---|---|
| Lester Abrahams | Adam Allie-Reid | Christiaan Coetzee |
| Blaise de Reuck | Selinah-Faith Esau | Gemma Filies |
| Johann Groenewald | Alana Jonas | Janeke Kleinhans |
| Leandré Kotze | Rikus Labuschagne | Hanré le Roux |
| Carli Myburgh | Mikeryn Pote | Charl Strydom |
| Rihan Swart | Bianca Vosloo | Louwna Taljaard |

# PREEKSKETS

## TEMA – WIE SE WINGERD IS DIT NOU EINTLIK?



Prediker: Ds Hannes Burger

Skriflesing: Matteus 21:33-46

Die dissipels vra eendag vir Jesus: Waarom praat U in gelykenisse (Matt. 13:10)?

- Vandag is ek baie dankbaar oor die vraag!
- Jesus se gelykenisse is tegelyk onmiddellik toeganklik en eindeloos diepsinnig.
- Dis sy manier om te verduidelik hoe dit lyk waar God Koning is.
- Dit praat met sy omstaanders, en dit praat met ons vandag...

1. **Die Gelykenis**

- Jesus se toehoorders het geweet waarvan Hy praat.
- Dis tegelyk ‘n verhaal van onderdrukking en onreg van beide kante.
- Dit was algemeen dat ‘n landeienaar laat boer teen minimale vergoeding.
- Dis ook ‘n verhaal wat ons magteloos verstom laat: Hoekom vat hy die kans met sy eie kind?

2. **Hierdie gelykenis praat met die Jode**

- Hulle het geweet wie is die Eienaar wat sy plaas aan hulle uitgehuur het.
- Hulle was baie bewus van Profete wat oor eeue vermoor is,
- Maar dis nie waar die gelykenis stop nie...

3. **Ek en jy is die huurders...**

- God het ons in ‘n verantwoordelike posisie geplaas.
- Ons moet boer, maar Hy bly die eienaar.
- In sy genade kom herinner Hy ons kort-kort daaraan.
- Verstaan jy nog wie *God* is, en wie *jy* is...?